23 Des

Uitgawe 2009/12/23

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van die persoon nie. (**Jak.2:1**). Dit is gewoonlik die tyd waar ons baie vreemde gesigte in ons dienste sien. Ons sien ook die bekendes wat net 'groot' dienste bywoon; veral die dienste op Nuwejaarsaand en ook Kersfees. Hoe is ons houding teenoor hierdie mense? God verwag dat ons Sy liefde met hierdie mense deel. ***Vader vergewe ons asseblief dat ons mense oordeel volgens hul sosiale klas. Help ons asseblief om U liefde met almal te deel enl om gebruik te maak van elke geleentheid om mense welkom te laat voel in die Liggaam van Christus.***

Deurbraak : Geneesheer

'n Nasionale sendeling, Lalita, wat deur *Gospel for Asia* onderhou word het presies geweet wat haar te doen staan toe sy twee dogters ontmoet het wie albei 'n hoë koors gehad het. Sy het nie 'n dokter gebel of vir hul medisyne of hoendersop aangebied nie. Sy het eenvoudig langs hulle gaan kniel en vir hul gebid. Die Groot Geneesheer het haar gebede verhoor en beide dogters genees. (Webruimte: http://www.christiantelegraph.com/issue7558.html, 03/11/09). ***Bid vir Lalita en ander sendelinge soos sy wat na die verlorenes uitreik. Bid dat God vir haar en ander sendelinge kragtig sal gebruik; dat baie mense die liefdevolle krag van God sal ervaar, Hy Wie die sieke en die gebrokene genees.*** (**Kol.1:9-11**).

Bid vir jou gemeenskap : Alkohol misbruik

Sosiale organisasies glo dat aggressiewe bemarking en die beskikbaarheid van alkohol die rede is vir vroue wat meer en meer oormatig drink. Hierdie organisasies en die polisie monitor die toename in die aantal vroue wat oormatig drink. Vroue wie hulself al skuldig gemaak het oormatige drinkery het erken dat hulle soms in 'n beswyming raak en hulself in situasies bevind waaroor hul nie trots is nie omdat hulle nie inhibisies behou het nie. (Sunday Argus, 22/11/09). ***Bid vir diegene wat aan alkohol verslaaf is, dat God hul sal verlos. Bid teen die oopmaak van smokkelhuise en drinkplekke in jou gemeenskap. Bid vir diegene wat drink om van hul probleme te vergeet – vra God om hul aan te raak en te genees in die area wat hulle nie wil konfronteer nie. Vra God om hul die genade te skenk om met oorgawe Sy teenwoordigheid binne te gaan en om genesing en aanvaarding daar te kry.***

Suid-Afrika : Tronke

Sedert die middel-1990's het Suid-Afrika 'n geweldige toename in die bevolking van tronke gesien. Dit het byna 190 000 bereik met die beskikbare kapasiteit wat onder 115 000 gebly het. Suid-Afrika se tronke is ten minste sedert 1965 oorbevolk. Gesondheidsdienste bly, in baie opsigte, onder die aanvaarbare standaard. Bykans 40 persent van mense wat in die tronke sterf, sterf wel in die eerste jaar van inhegtenisneming. (Sunday Argus, 22/11/09). ***Bid vir beter gesondheidsdienste in die tronke. Bid dat tronke werklik 'n plek van rehabilitasie sal wees vir oortreders. Bid dat probleme soos TB, seksuele oortredinge, marteling en die mishandeling van gevangenes aangespreek en oplossings gevind sal word wat menswaardigheid sal herstel.***

Internasionaal : onething '09

'n Groot herlewing gaan die Kerk wêreldwyd tref wat die kennis en uitbeelding van Christendom gaan verander. Die Here is besig om 'n generasie van jongmense op te rig wat voorlopers is met 'n fondasie van 'n intimiteit met Jesus en 'n liefde vir ander – 'n fondasie wat werke van geregtigheid, sendingwerk en uitreike tot stand bring soos hierdie jongmense die plan van God vir die eindtyd verwelkom. Hierdie persone wie se harte brand vir God en met Sy liefde skyn verklaar die koms van Jesus Christus in die krag van die Heilige Gees. o*nething '09* is 'n samekoms van jongmense wat daarop gemik is om die tye te onderskei en om Jesus met oorgawe te dien. Hierdie Desember 28 -31, sal baie jongmense in Kansas City bymekaar kom om te aanbid, te bid, en om boodskappe te hoor wat hul sal toerus om ag te gee op die roeping om Jesus met oorgawe te dien. (Webruimte: http://www.ihop.org/Groups/1000039144/International_House_of/Events/National_Conferences/onething/onething09/onething09.aspx?redirected=1, 02/11/09). ***Bid dat elke persoon wat hierdie samekoms gaan bywoon 'n Woord van God sal ontvang vir die generasie. Proklameer dat God hul geroep het om profete te wees van alle nasies*** (**Jer.1:5**). ***Verklaar dat God hul geroep het om Sy mense te wees in hierdie donker tye.*** (**1 Pet.2:9-10**).